

Vuk'uzenzele



Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

August 2020 Edition 2

Bomb-buster's explosive career

Page 8

STAY SAFE

PROTECT SOUTH AFRICA

TOGETHER WE CAN BEAT CORONAVIRUS



Back to work after Covid-19 a full guide

Page 4

COVID-19 corruption to be stamped out

A NEW CORONAVIRUS anti-corruption centre will urgently investigate allegations of corruption in areas such as the distribution of food parcels, social relief grants, the procurement of medical supplies and personal protective equipment.



Cathy Grosvenor

Tough action is being taken against criminals and greedy government officials who have stolen either goods or money intended for government's Coronavirus (COVID-19) response. Public servants who buy goods or services at inflated prices from friends or family members, who award tenders only if they get money in their pocket and who help themselves to food parcels are hampering the efforts of government to curb the spread of the infection

and protect the poor from the effects of the lockdown.

This also applies to companies and individuals who make fraudulent Unemployment Insurance Fund (UIF) claims. This was according to President Cyril Ramaphosa when addressing the nation recently.

The President added that fake non-profit organisations have even been created by people wanting to illegally get their hands-on government funding. He explained that in April, government had announced a historic R500 billion social relief and economic support package to fight the Coronavirus and assist businesses, workers and households.

"But what concerns me, and what concerns all South Africans, are those instances where funds are stolen, where

they are misused, where goods are overpriced, where food parcels are diverted from needy households – where there is corruption and mismanagement of public funds," says the President.

New anti-corruption centre

President Ramaphosa says government will not tolerate this, which is why a new anti-corruption centre has been established. It brings together nine state institutions, namely: the Financial Intelligence Centre, the Independent Police Investigative Directorate, the National Prosecuting Authority, the Hawks, Crime Intelligence and the SAPS Detective

Cont. page 2



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

CONTACT US



Vuk'uzenzele



@VukuzenzeleNews

Website: www.gcis.gov.za

Email: vukuzenzele@gcis.gov.za

www.vukuzenzele.gov.za

Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:

1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083

FREE COPY NOT FOR SALE



Vereer vroue deur ekonomiese insluiting

Suid-Afrika vier in Augustus Vrouemaand. Dié geleentheid is die herdenking van die dag in 1956 toe 20 000 vroue na die Uniegebou opgemars het — 'n see van vroue van alle rasse, wat verskillende tale gepraat het en uit verskillende oorde gekom het. Hulle was verenig in hulle aandrang op die einde van die aaklige paswette en vir hulle reg om in vryheid te lewe.

Die huidige status en posisie van vroue in Suid-Afrika is heeltemal anders as wat ons ma's en ouma's in 1956 in die gesig moes staar. Ons het ver gekom om 'n Suid-Afrika te verwesenlik wat nie-rassig, nie-seksisties, demokraties, vooruitstrewend en vry is.

Daadwerklike vordering is gemaak om Suid-Afrikaanse vroue se lewens ekonomies, politeties en in die openbare lewe te verbeter.

Maar ons is bewus daarvan dat daar nog heelwat vordering gemaak moet word. Vroue staan steeds diskriminasie, teistering en geweld in die gesig en dra die grootste las van armoede.

As ons die belofte wat in ons Grondwet vervat is wil verwesenlik, moet ons die ekonomiese en finansiële uitsluiting wat vroue meer kwesbaar vir mishandeling en geweld maak, die hoof bied.

Ons het by 'n baanbrekerveldtog aangesluit wat ons met globale pogings om teen 2030 geslagsgelykheid te bereik, verbind. *Generation Equality* is 'n vooruitstrewende en transformatiewe agenda om diskriminasie en geweld teen vroue te

beëindig en te verseker dat hulle gelyke deelname in die politieke, maatskaplike en ekonomiese sferes het.

Ons het, as deel van die veldtog, by twee 'Aksiëkoalisies' aangesluit; een vir ekonomiese geregtigheid en 'n ander een teen geslagsgebaseerde geweld. Albei is kernbelangrik vir ons eie nasionale agenda.

Elf maande sedert die toepassing van die Noodreaksie-aksieplan om geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord te bekamp, het ons vordering gemaak met die uitbreiding van ondersteuning en sorg vir oorlewendes. Daar is ook vordering gemaak met reghervormings wat aan hulle meer beskerming sal bied.

Ons het in Augustus begin om die Nasionale Strategiese Plan vir die Bekamping van Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord, uit te voer. 'n Kernaspek van die plan is om die finansiële insluiting van vroue te verseker. Dit is omdat ekonomiese en maatskaplike ongelykheid onderling verbind is. Die ekonomiese status van vroue in Suid-Afrika maak hulle meer kwesbaar vir mishandeling. Ons moet dus ondersteuning vir vroue verskerp om hulle in staat te stel om finansiële onafhanklik te word. Ons het verskeie beloftes onder *Generation Equality* gemaak, wat deur die Nasionale Strategiese Plan nagekom sal word.

Ons gaan eerstens vroue se ekonomiese insluiting deur openbare verkryging verbeter. Ons doelwit is om te verseker dat minstens 40 persent van goedere en dienste wat deur openbare entiteite ver-

kry word, van besighede wat deur vroue besit word verkry sal word.

Tweedens, gaan ons ondersteuning vir KMMO's in vroue se besit, en vir vroue wat in die informele sektor werk of wat werkloos is, verskerp. Dit sal medewerking met die finansiële sektor insluit om finansiële dienste meer toeganklik en bekostigbaar vir vroue te maak.

Derdens, wil ons verseker dat meer vroue toegang tot produktiewe bates, soos grond, het. Dit is noodsaaklik dat vroue begunstigdes van die versnelde grondhervormingsprogram is. Dit is beduidend dat 53 persent van die begunstigdes van die R75 miljoen vir COVID-19-noodleniging wat vir boederyinsetbewyse opsy gesit is, landelike vroue sal wees. Ons moet verseker dat vroulike bestaansboere en kleinskaalse boere steeds na afloop van die pandemie ondersteun word.

Vierdens, wil ons verseker dat vroue teen geslagsgebaseerde geweld in die werkplek beskerm word. Ons sal in dié opsig op nasionale en streeksvlak vir die regstelling van die IAO-konvensie oor geweld en teistering in die werkplek werk.

Daar word gesê dat vryheid nie gegee word nie, maar geneem word.

Die emansipasie van vroue is slegs woorde op papier, tensy dit met 'n verbintenis deur alle sektore van die samelewing gepaardgaan.

Wanneer ons ná die koronaviruspandemie vir die herbou van ons ekonomie voorberei, kan ons nie bloot terugkeer na waar ons voor die uitbre-

king van die virus was nie. Ons moet 'n ekonomie bou wat wesentlik anders is, wat onder meer die materiële posisie van vroue daadwerklik verbeter.

Dit beteken dat ons beleggings in infrastruktuur nie net die ontwikkeling van plaaslike nywerhede moet ondersteun nie, maar ook ondernemings wat deur vroue besit word. Dit moet doelbewus werksgeleenthede vir vroue op alle vlakke van beplanning, finansiering, konstruksie en die onderhoud van infrastruktuur skep. Net soos die maatreëls vir die verskerping van ons openbare indiensnemingsprogramme, moet ons ook seker maak dat veral jong vroue as deelnemers aangewys word. Benewens 'n inkomste, sal die programme hul ook geleenthede bied om vaardighede en ervaring te verkry wat nodig is om die hoofstroomekonomie te betree.

Hoewel dit die regering se verantwoordelikheid is om ekonomiese geleenthede vir vroue en 'n bemagtigende raamwerk vir die bevordering van geslagsgelykheid te skep, moet almal in die samelewing hul deel doen.

Die sakesektor moet ondernemings wat deur vroue besit word ondersteun wanneer goedere en dienste verkry word. Hulle behoort meer vroue in diens te neem en meer vroue in bestuursposisies aan te stel.

Dit is veral belangrik as mens in ag neem dat die privaat sektor se rekord oor geslagsverteenvoording op bestuursvlak agter dié van die staatsdiens is. Hierdie

kwessie word herhaaldelik in gesprekke wat ek met verskeie sakeorganisasies vir vroue gehad het geopper. Net so moet ons ongelykheid ten opsigte van vergoeding vir mans en vroue uit die weg ruim en uiting gee aan die beleid van gelyke vergoeding vir gelyke werk soos in die Wet op Gelyke Indiensneming vervat word.

Vroue moet ook teen teistering en diskriminasie in die werkplek beskerm word. Dit is vervoeroperateurs, universiteitsadministrateurs, skoolbeheerliggame en godsdienstige organisasies se plig om omstandige te skep waarin vroue en meisies veilig kan reis, studeer en aanbid.

Ons moet ons pogings om chauvinisme, seksisme en patriargie uit te roei, met mening voortsit. Dit is hierdie opvattinge wat die onderdrukking van vroue in staat stel.

Dit is die plig van beide mans en vroue om te bevestig dat vroue se waarde, posisie en opinies nie minder as mans s'n is nie. Dit is ons plig as ouers en grootouers om ons seuns en dogters dieselfde groot te maak.

Dit is ons plig as mans om geslagsgebaseerde geweld te verwerp en ons daarteen uit te spreek waar ons dit ook al sien, selfs al is dit teen ons vriende, pa's of broers.

Kom ons wees die generasie wat in ons leeftyd die onderdrukking van vroue in alle vorms beëindig. Die dapper geslag vroue in 1956 het vir ons almal opgemars. Ons is dit aan hulle en toekomstige geslagte verskuldig om nie dié eerbare erfenis te versaak nie.

Pregnancy does not increase COVID-19 risks

SOME GOOD news for moms-to-be is that their pregnancy will not make them more ill should they contract COVID-19 and they may still breastfeed.

Silusapho Nyanda

Pregnant women and unborn children are not at a greater risk of contracting or developing severe symptoms of the coronavirus (COVID-19) but should still exercise good hygiene and social distancing.

The majority of pregnant women who contract COVID-19 will only show mild to moderate symptoms of the virus. However, pregnancy changes the immune system so pregnant women should continue with standard precautionary measures.

Bongumusa Makhathini,

a specialist obstetrician and gynaecologist at Grey's Hospital in Pietermaritzburg, KwaZulu-Natal, says that tests done on the placenta and umbilical cord blood of COVID-19-positive mothers were all negative for the virus.

"The available data shows that during pregnancy and birth, women infected by COVID-19 are not worse compared to non-pregnant women," he says.

Children born to COVID-19-positive mothers may be breastfed, provided the mother follows the right hygiene routine, including washing her hands before and after holding her child,

sanitising her chest before breastfeeding and wearing a mask. Mothers must clean any surface before a child comes into contact with it.

As breastfeeding offers more benefits than the risks posed by COVID-19, new mothers are encouraged to exclusively breastfeed for the first six months of a child's life.

Dr Makhathini says tests have found that COVID-19 is not present in breast milk.

"However, breast hygiene and other general COVID-19 safety precautions should be taken during breastfeeding or breast milk expression to avoid droplets and skin contact infections to the



newborn," he says.

Chronic diseases like asthma, diabetes and high blood pressure are known to increase the risk of severe symptoms of COVID-19 in the general population, and this applies to pregnant women too, says Dr Makhathini.

Dr Makhathini says that pregnant women who have COVID-19 and any other of

these chronic diseases, must keep a close eye on their health and their unborn baby.

"Closer monitoring of maternal and fetal wellbeing is highly recommended," he says.

He adds that pregnancy complications such as a miscarriage or going into labour earlier than planned have not been directly linked to the COVID-19 virus.

Terugkeer werk toe nadat jy van COVID-19 herstel het

Allison Cooper

Wanneer kan jy terugkeer werk toe as jy positief vir die koronavirus (COVID-19) getoets het? Die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes het die nodige antwoorde.

Hoe lank moet ek in isolasie bly as ek positief vir COVID-19 getoets het?

Mense wat positief vir COVID-19 getoets het maar nie simptome het nie, moet vir 10 dae, vanaf die dag wat hulle die positiewe toetsresultaat ontvang het, in isolasie by die huis of in 'n regeringsisolasiefasiliteit bly.

Diegene met matige simptome moet vir 10 dae, vanaf die dag wat hulle simptome begin het, in isolasie by die huis of in 'n regeringsisolasiefasiliteit bly.

Diegene wat ernstig siek is en hospitaal toe moet gaan, moet vir 10 dae, vanaf die dag wat hulle stabiel is en nie meer suurstof nodig het nie, in isolasie bly.

Hoe kan mense wat COVID-19-positief is die siekte aan ander oordra?

Volgens die Minister van Gesondheid, Zweli Mkhise, kan die meeste mense met 'n matige infeksie die virus vir tussen sewe en 12 dae oordra. Mense wat baie siek word kan

egter aansteeklik wees en kan die virus vir 'n langer tydperk aan ander oordra.

Moet ek nog 'n COVID-19-toets doen om te bewys dat ek negatief is voordat ek kan terugkeer werk toe?

Nee. Daar word nie aanbeveel dat mense wat matig siek was en gesond geword het, weer getoets moet word nie.

'n Persoon word as veilig geag om terug te keer werk toe en uit isolasie te kom wanneer hulle nie meer aansteeklik is nie. Dit beteken dat hulle die eerste simptome meer as 10 dae gelede ontwikkel het en vir minstens drie dae geen simptome gehad het nie.

Werknemers kan in die meeste gevalle terugkeer werk toe sonder om weer getoets te word as:

- Hulle 10 dae van verpligte kwarantyn of self-isolasie voltooi het.
- Diegene wat matige tot ernstige simptome gehad het, medies ondersoek is.
- Hulle steeds persoonlike higiëne en sosiale distansering handhaaf.
- Die werkgewer die werker monitor om te verseker dat hy/sy nie agteruitgaan nie.
- Hulle vir minstens 21 dae ná die diagnose 'n masker dra.

My toets was negatief maar ek het steeds simptome. Wat nou?

Dit is moontlik om 'n vals negatiewe toetsresultaat te kry. Dit beteken dat jou eerste toets negatief kan wees, maar dat jy in 'n later stadium positief kan toets. Kontak 'n professionele

gesondheidsorgwerker as jou COVID-19 simptome voortduur.

En as ek na 10 dae steeds simptome het?

Dit is algemeen vir pasiënte om vir meer as 10 dae simptome te ervaar. Dit kan 'n paar weke neem om ten volle te herstel. Raadpleeg jou gesondheidsorgwerker as jy steeds simptome het.

Vir meer inligting oor COVID-19, besoek die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes se webwerf by www.nicd.co.za, die gratis COVID-19 webwerf by coronavirus.datafree.co, skakel die COVID-19-blitslynommer by 0800 029 999, of stuur 'n WhatsApp na 0600 12 3456.

Bestuur COVID-19: Tuis of by 'n toegewyde fasiliteit

AS JY POSITIEF vir COVID-19 getoets het, is dit uiters belangrik om jouself van ander mense af te sonder, tuis of by 'n gratis isolasiefasiliteit.

Allison Cooper

Baie Suid-Afrikers wat positief vir die koronavirus (COVID-19) getoets het kan nie self-isoleer nie, omdat hulle huise te klein is om in 'n kamer wat nie deur ander gedeel word nie te leef en te slaap.

Die regering het seker gemaak dat toegewyde isolasiefasiliteite vir mense wat positief getoets het beskikbaar is. Daar is ook toegewyde kwarantynfasiliteite vir mense wat vir hul toetsresultate wag. Albei dienste is gratis.

Volgens Dr. Marlin McCay, 'n algemene praktisyn van Florida aan die Wes-Rand, is die eerste ding wat jy moet doen wanneer jy met COVID-19 gediagnoseer is, om die verspreiding van die infeksie te beperk. "Jy wil jou gesin beskerm," sê hy. Om dit kan doen, moet jy in isolasie wees — tuis of by 'n isolasiefasiliteit.

"As jy self-isoleer beteken dit dat jy in 'n deel van die huis heeltemal van die res van die gesin afgesonder moet wees. Niemand behoort binne drie meter van jou af te kom nie. Jy moet alleen eet, jou eie messegoed en breekware gebruik, jou eie badkamer gebruik indien moontlik, en seker maak dat daar geen kontak met enigiemand anders in die huishouding is nie.

"Jou dokter of primêre versorger behoort jou van sekere basiese medisyne te voorsien om die meeste van die simptome te verlig, veral tekens soos liggaamspyne, hoofpyn en koors. Daar is



“Dit is ook belangrik om genoeg te rus en genoeg water of helder vloeistowwe te drink om seker te maak dat jou urine bleek en deursigtig bly.”

ook vitamienes wat jou kan help om gesond te bly," sê hy.

Dit is ook belangrik om genoeg te rus en genoeg water of helder vloeistowwe te drink om seker te maak dat jou urine bleek en deursigtig bly. Die meeste mense wat matig siek word sal binne 'n week nadat die eerste simptome begin het, beter voel, maar dit is belangrik om jou simptome noukeurig dop te hou.

As jy enige noodwaarsku-

wingstekens ontwikkel, soos moeilike asemhaling, borspyn of druk op jou bors wat nie weggaan nie, bloed hoes, deurmekaar raak, erge slaperigheid ervaar of as jou gesig of lippe blou word, moet jy onmiddellik 'n ambulans ontbied of hospitaal toe gaan.

Kwarantynfasiliteite

Vir diegene wat hulself nie van ander wat in die huis bly kan afsonder nie, het die regering gratis kwarantynfa-

siliteite regoor die land opge- rig om hulle en hul geliefdes veilig te hou.

Die Wes-Kaapse regering het onlangs kommentaar deur 'n paar pasiënte oor sy isolasiefasiliteite gepubliseer.

Marie Jantjies van Witzenberg het besluit om gesondheidsorgwerkers se raad te volg en na die isolasiefasiliteit te gaan omdat haar 97-jarige ma by haar en haar kinders woon en sy hulle wou beskerm. "Ek is baie goed behandel. Die kos was lekker — selfs lekkerder as by die huis. Ek het besef dat ek net positief moes bly. Ek was angstig, maar het gebid en probeer om te ontspan," sê sy.

"Daardie plek kan lewens red! Dit is regtig die beste," sê John Arnoldus, wat by 'n isolasiefasiliteit in Draken-

stein van COVID-19 herstel het. "Een van my vriende was tuis in kwarantyn en hy het gesukkel om op sy eie reg te kom. Ek het vir hom gesê om die mense te kontak wat my versorg het — dit is hoe om beter te word. Die mediese personeel en die bestuurder daar se ondersteuning — dit trek jou deur", sê hy.

Arnoldus was eers huiwerig om na die isolasiefasiliteit te gaan weens die wanopvatting dat 'n mens daar sieker sal word en doodgaan. "Ek het die ergste verwag, maar ek was baie goed ontvang. Lof aan al die personeel! Hulle het vir my verduidelik dat niemand by die fasiliteit my siek kan maak nie, aangesien ek reeds COVID-19 gehad het," sê hy.

Wat kan jy van 'n kwarantynfasiliteit verwag?

Volgens die Wes-Kaapse regering word daar aan al jou behoeftes voorsien. Jy kry gereelde maaltye, 'n gesondheidswerker moniteer jou toestand, wasgoed dienste word voorsien, daar is gemak en stilte terwyl jy herstel, en daar is gratis vervoer na en vanaf die fasiliteit.

As jy nie kan self-isoleer nie, skakel die Nasionale Koronavirusblitslyn by 0800 029 999 vir meer inligting oor jou naaste isolasie- of kwarantynfasiliteit.